AFRIKAANS

November-Eksamen 2014

MODULE	AFRIKAANS 3B
VRAESTEL 2	TAALKUNDE
EKSAMINATOR	PROF CJ CONRADIE DR DC LAWRENCE DR A BREED (NOORDWES-UNIVERSITEIT)
PUNTE	100
TYD	2 URE
VAKKODE	AFR3B21 / AFR3BB3
EKSAMENDATUM	**14 NOVEMBER 2014 [14:00]**

Die vraestel bestaan uit [3] bladsye

AFDELING A: SINSTRUKTUUR
PROF CJ CONRADIE [50]

Vraag 1

Beantwoord EEN van die volgende. Illustreer waar moontlik met voorbeelde.

1.1 Bespreek die **valensie** (oorganklikheid, ens.) van die verskillende soorte **hoofwerkwoorde**, en die verskillende **medewerkwoorde** wat onderskei kan word.

(12)

1.2 Verduidelik die verskil tussen **neweskikking** en **onderskikking,** bespreek 'n aantal tipes bysinne en wys op die **vorme** wat bysinne kan aanneem.

(12)

1.3 Bespreek die verskillende **tydsvorme** (tempusvorme) wat in Afrikaans gebruik word en hulle belangrikste funksies.

(12)

Vraag 2

Stel die struktuur van die volgende sinne deur middel van boomdiagramme voor.

2.1 Jou projek sou heelwat geld kon ingebring het.

2.2 Al die besoekers is tog met 'n slap riem gevang.

2.3 Sy was baie verheug oor haar vriende se antwoorde.

(15)

Vraag 3

Dui aan (a) wat die **bysin** in elk van die volgende gevalle is, (b) **watter soort** bysin dit is (m.a.w. wat die **funksie** van die betrokke bysin is) en (c) watter **vorm**kenmerke die bysin het. (LW: Geen boomdiagramme gevra.)

3.1 Hy is spesiaal Blouberg toe om in die see te kan swem.

3.2 Mense wat hulle so slim hou, kan ook foute maak.

3.3 Toe ons daar aankom, het hulle pas vertrek.

(9)

Vraag 4

Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van onderstaande uittreksel uit 'n kortverhaal van Elise Muller. Maak van die reëlnommers gebruik om verwysing te vergemaklik.

4.1 Benoem die werkwoordelike **tydsvorme** in die teks en dui aan wat hulle tydsfunksie is.

(10)

4.2 Gee twee voorbeelde van **voorplasing** (of **vooropstelling**) in die teks en dui aan waarom dit as voorplasing beskou kan word.

(4)

1. Daar het af en toe mense op die dorpie gesterwe, mense wat ons goed geken het.
2. Iemand het met die gebruiklike kennisgewing van 'n sterfgeval aan die voordeur
3. geklop. Mammie het miskien 'n krans gemaak, en wanneer die roudiens verby was, het
4. ons die motors in die begrafnisstoet getel. 'n Week later, en die mooi kranse was
5. verdroog, die graf self onpersoonlik, en die leë plek in die samelewing iets waaraan ons
6. reeds gewoon geword het.
7. Maar hierdie keer is dit anders. Ek weet dit reeds. In die eensame donker spoel die

8. eerste rimpeling van hierdie gebeurtenis oor my heen: ek kan nie weer slaap nie. Ek is

9. heeltemal nugter, en ek durf nie my oë sluit nie, want o, die dinge wat 'n mens sien as

10. jou oë toe is en jy dink, dink, dink nog een stryk deur! Met wydoop oë hou ek wag

11.teen die vrees.

AFDELING B: VARIASIETAALKUNDE
DR DC LAWRENCE [50]

Vraag 1

Skryf 'n opstel van nie langer as 5 bladsye oor enige EEN van die volgende streeksvariëteite van Afrikaans:

- Kaapse Afrikaans
- Griekwa-Afrikaans
- Namakwalandse Afrikaans

Verwys in jou bespreking na

(i) die historiese oorsprong en ontwikkeling van die variëteit;
(ii) die fonetiese, grammatiese en leksikale kenmerke daarvan; asook
(iii) die huidige status van die variëteit.

(50)

OF

Skryf 'n opstel van nie langer as 5 bladsye oor enige EEN van die volgende:

- Tsotsitaal
- Flaaitaal
- Sleng
- Tienertaal

Verwys in jou bespreking na

(i) die sprekers;
(ii) die funksies; en
(iii) die linguistiese kenmerke.

(50)
